

17 September

Numeri 6:1-21; (Teks: 6:1-3)

Nuutgemaak om volgens God se standarde te leef

'n Nasireër was iemand wat uitgestaan het bo die res van die bevolking. Sy voorkoms en sy lewenswyse was anders. Hy was iemand wat 'n gelofte aan die Here gemaak het om vir 'n tyd lank op 'n besondere manier sy lewe aan die Here te wy. Daarvoor beveel die Here drie dinge: Dit sê dat God die lewenswyse van sy kinders bepaal; ons lewe nie volgens ons eie voorskrifte nie. In hierdie drie bevelen van die Here sien ons die beskrywing van 'n heilige lewe voor God.

Eerstens mag hy geen produk van die wynstok eet nie. Dit beteken nie dit is sonde om wyn te drink nie. Maar dit beteken dat sy lewe losgemaak moet wees van die wêreldse plesier. Dit beteken dat jy jou moet losmaak van dinge wat jou hier vasbind en jou laat vergeet dat jou burgerskap in die hemel is.

Die tweede wat die Here beveel is: Laat jou hare groei. 'n Mens kan baie aandag aan sy eie voorkoms bestee. Jy moet egter jou kruis opneem en Christus volg. Dit beteken dat jy jouself moet kruisig en sy wil doen. Jy moet verdwyn - jy en jou gemak en wat vir jou lekker is en nie is nie. Nie ekself nie, maar God is in die middelpunt van my lewe.

Derdens beveel die Here dat hy aan geen lyk mag raak nie. 'n Lewe gewy aan God is 'n lewe wat afgereken het met die dood, volkome gerig op God, Hy wat die lewe is. Word God nie die bron van die lewe genoem nie? Het Christus dan nie gesê: "Ek is die lewe" nie? Het Hy nie uit die dood opgestaan nie? Het Hy nie deur sy Gees die nuwe lewe aan jou gegee nie?

So lyk 'n Nasireër se lewe, ook jou lewe. 'n Lewe volgens God se standarde: weg van die wêreld, weg van jouself, gerig op God wat jou lewe is. So het ons Here Jesus geleef en so moet ons leef, want ons IS anders, verlos uit die sonde, lewend gemaak deur die Gees wat in ons woon.

Sing: Psalm 19:7

Ds. P.H. Fick (Springs)